



Soldate vir Christus

NG Gemeente
Rietfontein-Suid

Die Wapenrusting van God
Efesiërs 6:10-20



Ons Gee Om

Webadres:

<http://www.rietfontein-suid.ng.org.za/>

Les 1 - Die Gordel van Waarheid

Elke week

Begin met 'n gebed waarin jy God eer dat Hy ons beskerm en vra om elkeen van jou kinders en ook dié wat hulle van God moet leer, parate soldate te maak en volledig sal toerus met Sy Wapenrusting.

Maak dit pret!

Gee vir jou kinders elkeen 'n plastiekglasie en laat hulle 'n piramiede bou. Neem dan 'n opgefrosmelde A4 papier (sit sommer 'n uitveër in vir 'n bietjie gewig) en gee elkeen 'n beurt om te kyk of hulle die piramiede kan omgooi. As almal 'n beurt gehad het, laat een van die kinders dan voor die piramiede staan om te keer dat die ander die teiken tref.

Inleiding

Gesels nou met jou kinders oor wat tydens die speletjie gebeur het.

- Dit was maklik om die teiken raak te gooi / te laat val
- Maar toe daar iemand voor die teiken gestaan het, het dit moeiliker en selfs onmoontlik geword om die teiken raak te gooi / te laat val

Net soos wat die teiken aan die einde beskerm was, beskerm God ons as sy kinders teen die aanslae van die bose (duiwel).

Storie

Onthou julle die storie van Dawid en Goliat? Onthou, Dawid was 'n gewone skaapwagter wat vir sy broers kos gevat het na die slagveld toe. Hulle was soldate, maar hy was nog te jonk om in die oorlog te gaan veg.

Toe hy vir Goliat sien en besef dat Goliat vir God beledig, het hy gesê hy sal teen hom veg. Maar 'n skaapwagter het nie wapens of beskermende klere gedra nie. Koning Saul wou toe sy eie klere vir Dawid gee om aan te trek, maar dit was te groot en te swaar vir hom.

Dawid se broers het seker gedink hy is domastrant om sonder "soldaatklere" kans te sien om Goliat aan te pak. Mens gaan veg mos nie sonder wapens nie!

Maar Dawid het iets spesiaal gehad. Hy het geweet dat God by hom is en hom met God se eie wapenrusting toegerus het. **Dawid het gedurig met God**

Dele van God se
Wapenrusting

**Gordel van
Waarheid**

**Borsharnas of
Borsplaat -
Vryspraak van God**

**Skoene van
Bereidheid om die
evangelie van vrede
te verkondig (Bereid
wees om te vertel)**

Skild van Geloof

**Helm van
Verlossing**

**Swaard van die Gees
van God - die Woord
van God**

Alles vir God se goedkeuring en glimlag!



Soldate vir Christus

NG Gemeente
Rietfontein-Suid

Die Wapenrusting van God Efesiërs 6:10-20

...vervolg van vorige bladsy...

gepraat en tot God gebid. Dis hoekom hy vir enigiets kans gesien het!

Dawid wou nie hê dat Goliat God moet beledig nie en was bereid om 'n reus waarvoor die hele klomp Israelse soldate bang was, aan te durf! Dawid was nie ekstra dapper nie, maar hy het God geken en geweet God is lief vir hom en sal hom beskerm. En natuurlik het God dit gedoen, sodat die Israeliete kon sien dat Hy getrou is!

Die Gordel van Waarheid

Satan het net een doel en dit is om God seer te maak. Dus probeer hy alles wat hy kan om vir ons te jok en in die versoeking te bring, sodat ons verkeerde dinge doen en vir God hartseer maak.

Maar God is 'n God van Waarheid. Hy het al die waarhede oor Hom en oor Jesus in die Bybel laat opteken, sodat ons daarvan kan leer en in Hom kan glo. Om die God van Waarheid te ken, moet ons dus seker maak dat ons die Bybel lees en bestudeer en baie tyd saam met God deurbring in gebed.

'n Mens leer iemand mos net ken as jy baie tyd saam deurbring!

Praktiese toepassing

Vir die Kleuters tot Graad 4

Gee vir elke kind 'n papierpop en laat hulle die pop inkleur of versier.

Elke week trek hulle die pop dan aan met die spesifieke deel van die wapenrusting wat behandel is

Graad 5 tot 7

Speel **Swaard in die Skede** en verduidelik dat 'n soldaat nie sy wapen kan gebruik as hy nog nooit daarmee gewerk het nie

Swaard in die Skede

- Almal hou hul Bybels (swaarde) toe bokant hul koppe ("Swaard in die skede")
- Jy noem 'n versie wat hulle moet opsoek, maar hulle mag nie begin voordat jy die teken gee nie. Noem die versie twee keer stadig en moenie dit weer herhaal nie.
- Teken: "Swaarde uit!"
- Die een wat dit eerste kry, mag die versie lees terwyl al die ander luister
- Voordat hy/sy lees, help al die ander om ook die versie te kry

**Sluit af met gebed
en fokus op die spesifieke lestema**

Alles vir God se goedkeuring en glimlag!



Ons Gee Om

Webadres:

<http://www.rietfontein-suid.ng.org.za/>

Dele van God se
Wapenrusting

**Gordel van
Waarheid**

**Borsharnas of
Borsplaat -
Vryspraak van God**

**Skoene van
Bereidheid om die
evangelie van vrede
te verkondig (Bereid
wees om te vertel)**

Skild van Geloof

**Helm van
Verlossing**

**Swaard van die Gees
van God - die Woord
van God**